NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings skakel:* ***062-6561521****, of stuur 'n epos na: badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** *Besprekings word nou hanteer deur: Anvie Ventures, info@anvieventures.co.za, 044 696 6585*
  - *Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

4 Oktober 2019
Nr 31/2019

Warm nuus

- **Algemene Sinode: *6-11 Oktober 2019* – Bly op hoogte van wat gebeur**
  Kerkbode se span ervare medewerkers sal regstreeks vanaf die sitting verslag doen by www.kerkbode.co.za en via die Kerkbode-app. Die volledige agenda kan aanlyn gelees word by http://ngkerk.net/sinode2019/

- **Lusaka Eeufees:** Die gemeente Lusaka het op 16 Junie 1919 van Bulawayo afgestig en die afgelope naweek hulle eeufees gevier. Die feestelikhede is ingelui met die Ring van Midde-Afrika se vergadering op Vrydag 27 September. Dit was dus vir die afgevaardigdes moontlik om in die res van die naweek se verrigtinge te deel. Saterdagoggend was die kerkterrein feestlik getooi vir die gemeente se maandelikse mark met ongeveer 250 uitstallers en die aand is daar heerlik gekuier by 'n feesdinee. Sondagoggend het die gemeente vroeg 'n vrolike staptog van ongeveer 2 kilometer, onder leiding van 'n orkes, na die kerkgebou aangepak. Na die feesdiens, waartydens verskeie kore gesing het en Paul Grobler, die direkteur van die Noordelike Sinode, die Woordverkondiging gedoen het, is die naweek afgesluit met die onthulling van 'n gedenkplaat, die sny van 'n feeskoek en 'n heerlike gemeente-ete. Kliek hier vir meer foto's van die feestelikhede.
  https://www.facebook.com/pg/noordsin/photos/?tab=album&album_id=3081202131953630&__tn__=-UC-R

Sinodenuus

- **AcaDeo (Emmarentia Geldenhuys): in die mark!**
  Die moontlikheid om die kampterrein te verkoop word baie ernstig oorweeg. Die grond is 280 hektaar groot en regoor Klein Kariba te Bela-Bela geleë.
  - Kontak *Paul Grobler* (sel 082 653 5734) of *Johan Kruger* (sel 083 554 4971) by die Sinodehuis vir verdere navrae.

- **Taakspan Leierskapsontwikkeling: Gespreksgeleentheid**
  'n **Dinamiese gespreksgeleentheid** oor **"Watter leierskap het die Kerk nodig?"** word deur die Taakspan van Leieskapontwikkeling van Noordelike Sinode aangebied in samewerking met Excelsus.
  Datum: 29 Oktober

Plek: NG Monumentpark
Tyd: 08h30 -13h30 (Verversings en ligte middagete ingesluit)
VBO punte: 3 Punte
Sprekers: *Kallie Roos* en *Theuns Eloff*
Bespreek asb @ *18 Oktober* by: Sinodehuis 012 4406525 of Jan Botha 0823523953
Koste: R150 pp (binne Sinode) en R200 pp (buite Sinode) **– Gelde kan inbetaal word in :** Rekening: NEDBANK; NG Kerk Noordelike Sinode; Rek no : 1497 016 339; Tak : 198-765 – met die **Verwysing**: *Jou naam & van: Leiersk29/1*

❖ Bybellees met 'n verskil

Die volgende **byeenkoms** vind om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas:
08 Oktober: Lukas 17:11-19
Navrae: Fanie Cronjé (083 415 1452) / Kobus Myburgh (083 227 7185)

❖ Weskoppies Kersprojek

Vriende van Weskoppies voorsien elke jaar aan die pasiënte (ongeveer 650) wat op Kersdag in die hospitaal is 'n Kerspakkie. Ons verneem graag of daar dalk **gemeentes** is wat ons kan ondersteun met die pakkie.

- *Die inhoud van die pakkie is die volgende*: 1 x 300ml botteltjie Oros; 1 x 42g Pringles; 1 x 125g Toppers koekies; 1 x 50g Simba grondboontjies en rosyne.
- Bogenoemde pakkie kos ongeveer R30,00. Gemeentes wat wil, kan ons ook finansieel ondersteun. Ter wille van "goeie onderlinge verhoudinge" is dit belangrik dat al die pasiënte dieselfde pakkie ontvang wat inhoud en grootte van items aanbetref!
- Met die oog op die verpakking van die geskenke, sal ons dit waardeer indien ons items\bydraes voor of op ***1 November*** kan ontvang.

Navrae: Gemeentes is welkom om ons te kontak by 082 4757 944 of pwdewet@live.com

❖ DinkJeugNoord: Tweak + - **Dagboek** solank die datum ***3 Februarie 2020 !!!***

Kolleganuus

❖ Innige simpatie…

John (JP) Barnard [emeritus en onder andere ook leraar by Masvingo vanaf 1985-1992] is gedurende September op die ouderdom van 88 jaar oorlede.

Mos (GJC) Venter [emeritus en onder andere ook leraar by leraar by Lusaka 1960-1963 en Suidoos-Pretoria 1972-2000] is 21 September oorlede.

Christof Müller [Groenkloof] se ma is verlede naweek op die ouderdom van 88 oorlede.

❖ Verjaarsdagwense: *Hartlik geluk aan die volgende persone:*

09/10 Derick du Toit [Villieria, 082 958 0473, derick@ngv.co.za]
Riaan Steyn [Rustenburg-Suid, 082 851 7310, riaan-steyn@lantic.net]
10/10 Ferdie Clasen [SA London, 0044 788 109 2750, ferdie@sagemeente.com]
Moses Zulu [Lusaka, 00260 97 747 1364, mozulu@yahoo.com]
11/10 Corne Burger [Louis Trichardt, 073 759 0451, dscorne@stadopdieberg.co.za]
****
02/10 Hanna Pienaar [Suidoos-Pretoria, 083 458 8712,anton@stellastraat.co.za]
Marius Dippenaar [Raslouw, 082 710 1586,sonetdippenaar@gmail.com]
Marie-Helene Botha [Wespoort, 082 880 7099,bothacjs@tut.ac.za]
06/10 Erika Müller [Groenkloof, 082 308 5795,cm1882@gmail.com]
Valmé Wassermann [Wierdapark-Suid, 082 447 8427,rinuswassermann@gmail.com]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae: *Baie geluk!*

Riviera-Jakaranda [Gestig 07/10/1942]

Thabazimbi [Gestig 09/10/1943]

❖ Universiteitsoord: Handevat Fietstoer 2019

Die toer was 'n reuse sukses! Ons het wonderwerke beleef, geen ernstige beserings gehad nie en soveel liefde gegee. Soveel stories!
Om van die stories te vertel: ons fietssleepwa het heeltemal gebreek op pad Derby toe. Gelukkig het boere ons op die pad gehelp om die neus van die sleepwa reg te maak en sommer ons fietsrakke (die wat gebreek het met die slag) ook reg te swys! Dit was vir ons groep 'n groot blessing!. …" [Lees **hier** verder…]

❖ Wonderboom-Suid: Gedenktuin

'n Gedenktuin is opgerig op die kerkterrein – 'n trots van ons gemeenskap – as 'n laaste rusplek vir u geliefdes. Die kerkterrein is beveilig met 'n palissadeomheining en het streng toegangsbeheer. Tans is voorsiening gemaak vir 700 nisse in die muur waarvan heelwat al verkoop is.

- Normale prys per Nis, waar twee kissies inpas, is R4010.00.
- Ons bied vir tydperk tot *30 November 2019* 'n spesiale prys van R3000.00 per Nis aan.

Belangstellendes kan die kerkkantoor skakel by 012 3310494. Kerkkantoorure is Dinsdae en Vrydae 9h00 tot 12h00 en Woensdae en Donderdae 14h00 tot 18h00.

Ander nuus

❖ Excelsus: *9 Oktober* – Betrayal or God's Proper Interpreters?

Indien jy die geleentheid wil bywoon laat weet asseblief vir René voor of op Vrydag 4 Oktober by rene.caesar@up.ac.za, of by 012 420 2789 sodat sy toegang kan reël. Vir meer inligting.

❖ Kreatiewe Beradingswerkswinkel: : *14-15 Oktober 2019* - Kameeldrif

Kliek op die skakel vir meer inligting oor die Kreatiewe Beradingswerkswinkel: https://youtu.be/_KANAnYWGhg

❖ Pastorale Beradingskursus: *16 November* – Selfvergifnis

Prof Wentzel Coetzer [*Buitengewone Professor by die Teologiese Fakulteit in Potchefstroom*] skryf die volgende: "Die wetenskaplike studie met betrekking tot die tema van vergifnis het maar eers gedurende die sewentiger jare begin momentum verkry – dit is dus 'n relatief nuwe konsep binne die helpende professies. Terwyl die meerderheid van studies gefokus was op vergifnis as sodanig, was daar oor 'n lang tydperk bykans geen bydraes met betrekking tot selfvergifnis nie – dit is selfs by geleentheid al beskryf as die 'stiefkind' binne vergifnis navorsing."
Vir meer inligting rakende die kursus …[Lees hier verder…]

❖ PUK 150 Fees: *30 November* - Uitnodiging aan oudstudente

Prof Callie Coetzee [*Voorsitter: Reëlingskomitee*] rig die skrywe aan alle leraars:
"'n Aantal alumni van die P U Vir C H O het besluit om 'n eie feesgeleentheid te reël rondom die 150 jarige bestaan van die Teologiese Skool Potchefstroom en die P U vir C H O waarvan die wortels ook 150 terug geleë is. Een van die redes vir hierdie inisiatief is dat die bestuur van die NWU wat onder andere uit die P U Vir C H O gegroei het, besluit het om op geen manier by enige herdenkingsgeleentheid betrokke te wees nie.
Die reëlingskomitee het as deel van ons bekendstellingstrategie besluit om aan al die predikante van ons Afrikaanse kerke briewe te skryf aangesien talle oudstudente van die P U vir C H O tans lidmate van ons kerke landswyd is.
My versoek is dus of u ons asseblief behulpsaam kan wees om die aangehegde brief aan al die predikante deur te gee met die versoek om die Puk150 fees aan alle oudstudente in hulle gemeentes bekend te stel. Ons sal dit besonder op prys stel…". [Lees die volledige skrywe hier…]

❖ Hulp vir Mosambiek: Jongste nuus oor Projek Nova Vida

Francois Schoombee [SA Projekbestuurder] skryf die volgende: "Die jaar spoed voort en ons wil weer dankie sê dat jul Projek Nova Vida ondersteun.
Dit is wonderlik om op positiewe vordering terugvoer te kan gee. Tot dusver het ons twee kerke weer gevestig, een pastorie is herbou en twee prayerhouses is herbou. Ons sendeling in Mosambiek, Ds Albert Venter, doen regtig

goed en ons dank God elke dag vir sy hart om so alleen in Mosambiek te bly om die sukses van hierdie projek te verseker…. [Lees hier verder…]

❖ Nuusbriewe

Bybel-Media: Lees in dié nuusbrief oor die *Kerkbode* wat op 20 September verskyn; Ook oor die Oktober-uitgawe van *LiG* met die pragtige Franja du Plessis op die voorblad en 'n paar nuwe publikasies. [Lees hier verder…]

- Kyk onder andere na die publikasie van **Willem Pretorius,** naamlik ***"'n Bietjie reën"***. Hierdie is 'n unieke dagboek vir almal wat naby aan die grond en die natuur leef. Dit sal nuwe water uitkeer oor die geloofslewe van elke leser en 'n ryk oes oplewer. Die boek is teen R170 beskikbaar.
  Inligting, navrae en diensverskaffing: Skakel 0860 26 33 42 of 021 864 8210 of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za. Besook ook die webtuiste: www.bybelmedia.org.za.

Christelike Lektuurfonds: Lees in hierdie nuusbrief oor die publikasie van *Anoeschka von Meck* getiteld "*Net voor die droogte my breek*" en ook nuwe kinderbybels wat tot die Bybelprojek toegevoeg word. [Lees hier verder...]
Kontak: order@clf.co.za of 021 873 6964.

❖ Akkommdasie vir Selfversorgende Bejaardes: Flower Foundation

Die Flower Foundation is 'n nie-winsgewende organisasie wat goedkoop maar kwaliteit behuising verskaf aan persone ouer as 60, waar woonstelle in Pretoria uitgehuur word aan selfversorgende bejaardes.
Daar is tans onbewoonde eenhede beskikbaar in Arcadia en Danville wat die las op die organisasie verhoog om die pryse so laag as moontlik te hou.
Alle inwoners moet selfversorgend wees, daar is nie mediese ondersteuning beskikbaar nie. Daar is 'n bussie wat teen 'n geringe koste gebruik kan word na hospitale, klinieke en winkels.
Sien kostes!!
Kontak gerus vir **Bessie Noakes** by 082 328 1767 of bessie@firelab.co.za

Gebedslys

*Hiermee **'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers** om enige **sake vir voorbidding** aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- Algemene Sinode [6-11 Oktober 2019].
- Knellende droogte in baie dele van ons land.
- Moeilike ekonomiese omstandighede.

Vakatures

❖ Koedoesrand: Vakature – Voltydse leraar

Gemeenteprofiel:
Koedoesrand gemeente is geleë in die Bosveld te Swartwater, Limpopo teen die grens met Botswana en is ongeveer 400km vanaf Pretoria. Boerdery domineer die gebied en groente, sitrus, tabak en ander gewasse word op groot skaal veral teen die Limpopo onder besproeing verbou. Koedoesrand gemeente is 'n pastorale grootte gemeente met **263** belydende en **115** dooplidmate. Die gemiddelde ouderdom van die lidmate is 37jaar en daar is 43 kinders onder 6 jarige ouderdom.

- **Sluitingsdatum:** ***31 Oktober 2019***
- **Diensaanvaarding**: *So gou as moontlik*. Omstandighede van die suksesvolle aansoeker word in gedagte gehou.

[Lees die volledige advertensie **hier...**]

Proponente en ander beskikbares

❖ UP Fakulteit Teologie:

★ Gelegitimeerde proponente 2016

Eddie Brown [082 305 3972, malmaneddie@gmail.com]
Berenice Esterhuyzen [072 794 5928, aesterhuyzen@clinix.co.za]

★ Gelegitimeerde proponente 2018

Freddie de Lange [071 483 8798, freddiedelange@yahoo.com]
Marthiens Heymans [heymarthiens@gmail.com]
Nienke Kemm [079 515 4156, Nienke.kemm@gmail.com]

Erick Mulder [076 253 5825, mulder.erick@gmail.com]
Natalie-Ann van Deventer [076 187 7249, natsvd8@gmail.com]

- **Ander gelegitimeerdes wat beskikbaar is om eredienste te lei**

Gerhard Bothma *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
Jan Cloete *[083 232 8708, jancloete26@telkomsa.net]*
Martin Lazenby *[079 493 4957, doklazenby@gmail.com]*
Ernst Muller *[082-656-1107, gaius117@gmail.com]*
Bertus Olivier *[082 224 6242, oli4@axxess.co.za]*
Ockie Raubenheimer *[076 155 0929, raubenheimer.ockie@gmail.com - Ook beskikbaar vir aflos gemeentebediening]*
André Smuts *[072 148 6718, sasmuts@gmail.com]*
Lizette Viviers *[082 451 4049, lizetviviers@gmail.com]*

BYLAES

Universiteitsoord: *Handevat Fietstoer 2019*

Die toer was ‘n reuse sukses! Ons het wonderwerke beleef, geen ernstige beserings gehad nie en soveel liefde gegee. Soveel stories!
Om van die stories te vertel: ons fietssleepwa het heeltemal gebreek op pad Derby toe. Gelukkig het boere ons op die pad gehelp om die neus van die sleepwa reg te maak en sommer ons fietsrakke (die wat gebreek het met die slag) ook reg te swys! Dit was vir ons groep ‘n groot blessing!
Ons bus het gebreek a.g.v. water wat by die bus se olie ingegooi is. Dit was veronderstel om die enjin van die bus heeltemal te breek, maar toe die werktuigkundige kom en hy en die busbestuurder die vloeistof uit tap, was die bus weer piekfyn! Alhoewel ons 6 ure later in Botswana aangekom het as beplan, het ons darem nog herhinneringe langs die pad en by de kerk gemaak. Alhoewel alles nie volgens ons planne geloop het nie, het dit volgens God se planne geloop.
Al 21 studente het ‘n groot bydrae gemaak tot die toer se sukses. Almal se gees was volop en daardie gees was werklik nodig met die uitreike. Ons oë was weer wawyd oopgemaak oor hoe swaar dit gaan in sommige dorpies en hoe nodig mense aktiewe Christene nodig het! Ons het in “townships” gaan sokker en netbal speel met die kindertjies en het kruisies uitgedeel sodat die boodskap nie net vir ‘n dag daar vasgevang word nie, maar ‘n langer invloed het. Ons het ouetehuise en ‘n kinderhuis besoek en daar gesing en net “chats” met die mense gebou! So het ons Jesus se liefde oorgedra orals waar ons gestop het. Ons kan werklik sien dat net ‘n glimlag ‘n groot invloed op ‘n person se dag kan hê. ‘n Glimlag is die een taal wat almal verstaan!
Die klein groepie van 21 het duisende glimlagte bewerkstellig oor die land en in Botswana! Deur die harde trap, die seer boude en die min slaap was ons lywe moeg, maar ons harte was vol en ons gees groot! Ons wil baie dankie sê aan almal wat bygedra het tot die toer om dit so ‘n groot sukses te gemaak het. Elke liewe lid se lewe is verander soos ons die verskil gaan maak het, en dis te danke aan al die bydraes.
Die toer was baie geseën en werklik nog ‘n hoogtepunt in ons lewens!

Allen Stroebel (Toerleier)

Terug

Hulp vir Mosambiek: Jongste nuus oor Projek Nova Vida

Francois Schoombee [SA Projekbestuurder] skryf die volgende: “Die jaar spoed voort en ons wil weer dankie sê dat jul Projek Nova Vida ondersteun.
Dit is wonderlik om op positiewe vordering terugvoer te kan gee. Tot dusver het ons twee kerke weer gevestig, een pastorie is herbou en twee prayerhouses is herbou. Ons sendeling in Mosambiek, Ds Albert Venter, doen regtig goed en ons dank God elke dag vir sy hart om so alleen in Mosambiek te bly om die sukses van hierdie projek te verseker.
Donderdag 19 September 2019 vertrek nog ‘n Uitreikspan na Buzi in die Sofala provinsie, om die IRM Buzi hoofgemeente se kerk te herbou op ‘n nuwe perseel wat buite die vloedvlakte aan hulle toegeken is. Ons het ook reeds die boumateriaal vir 12 Prayerhouses aangekoop en twee daarvan is sommer saam met die Buzi gemeente se

boumateriaal na Buzi vervoer. Dus is dit "all systems go" – in soverre dit moontlik is binne die Mosambiekse raamwerk – sommige paaie bestaan omtrent nie en gevolglik is aflewering nie 'n maklike en goedkoop ding nie.

Tans lyk ons projek se statistiek tov ons doelwitte so:

- Meer as 2000 stelle klere is ingesamel en 'n groot gedeelte daarvan gaan saam met die uitreikspan.
- 1273 van die 2000 Bybels waarop ons ons doelwit gestel het is ook reeds ingesamel (ook danksy 'n ruim skenking van die Algemene Sinode)
- 32 Ton kos is reeds aangekoop en is in die proses van verspreiding.
- Net een kerk (Nova Sofala Sede Hoof Gemeente) moet nog in geheel herbou word, en dan nog 12 Prayerhouses wat herbou moet word teen R30 000 elk.

Samevattend kan ons getuig dat met bydraes van Buitelandse Noodfondse, besighede, gemeentes, individue en ondersteuning van die Algemene Sinode, vorder die werk soos ons dit aanvanklik beplan het, en sal ons dit afhandel tot eer en verheerliking van God se Koninkyk. Dankie byvoorbaat vir julle volgehoue ondersteuning van Projek Nova Vida en die broers en susters in Mosambiek."

Verdere navrae kan gerig word aan Ilse by mozam@ksm.co.za of 012 663 2003.

Nova Vida Video: https://youtu.be/Ot3hDKCIKAc

Webwerf: https://novavida.ksm.co.za/

Bankbesonderhede is soos volg: IGREJA REFORMADA EM MOCAMBIQUE; Account number: 032891776; Branch code: 051001 (Standard Bank); Ref. Nova Vida (pastor@vivamaputo.org)

Terug

Akkommodasie vir Selfversogende Bejaardes: Flower Foundation

Veilige akkommodasie vir Selfversorgende Bejaardes – Pretoria
166 Woonstelle in Arcadia, Groenkloof en Danville
Geen mediese versorging of etes
Vervoer teen minimale koste na hospitale, klinieke, winkels
Enkelwoonstel: R2 530,00 per maand
1 Slaapkamer: R3 550,00 per maand
2 Slaapkamer: R3 820,00 per maand
Warm en koue water ingesluit

Kontak: Cornel by 012 343 2650
www.flowerfoundationpretoria.co.za

Terug

Koedoesrand:
Vakature – Voltydse leraar
Sluitingsdatum: 31 Oktober 2019

Die kerkraad van Koedoesrand maak in biddende afhanklikheid die vakature van voltydse leraar bekend. Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde leraars, proponente en finale jaar studente van die NG Kerk.

Gemeenteprofiel:

Koedoesrand gemeente is geleë in die Bosveld te Swartwater, Limpopo teen die grens met Botswana en is ongeveer 400km vanaf Pretoria. Boerdery domineer die gebied en groente, sitrus, tabak en ander gewasse word op groot skaal veral teen die Limpopo onder besproeing verbou. Verder is Koedoesrand omgewing bekend vir sy beesboerdery, wild en groot kremetarte.

Swartwater beskik oor 'n laerskool, Laerskool Unitas, waarvan die voertaal Afrikaans is. Tydens die hoërskool jare gaan kinders na die naaste dorp, Ellisras (Lephalale) 126km vanaf Swartwater of na van die skole in Pietersburg of Potgietersrus wat almal baie goed funksioneer.

Koedoesrand gemeente is ‘n pastorale grootte gemeente met **263** belydende en **115** dooplidmate. Die gemiddelde ouderdom van die lidmate is 37jaar en daar is 43 kinders onder 6 jarige ouderdom. Uniek aan Koedoesrand is die groot bedieningsoppervlakte wat oor 7000vk km strek en slegs uit plaaswyke bestaan. Dit is ’n gemeente wat liefde uitleef en na aan God se skepping leef. Lidmate speel ook ’n ankerrol in die gemeenskap wat saamwerk met ander kerke, skole en instansies. Daar is ‘n baie mooi en gesonde samewerking met die Hervormde gemeente te Swartwater en gesamentlike dienste vind maandeliks plaas. Daar is geen aanddienste nie, wel twee buitedienste wat in die middag een maal per maand onderskeidelik 50 en 70km vanaf Swartwater plaasvind.

Leraarsprofiel:
Ons wil graag hê dat die leraar wat beroep word na Koedoesrand die volgende eienskappe sal openbaar:

- ’n Lewende, persoonlike verhouding met God Drie-enig hê.
- Skrifgetroue en inspirerende prediker met ’n gemaklike preekstyl wat kinders tydens die erediens betrek.
- Gebruik maak van visuele media en rekenaartegnologie tydens eredienste.
- ’n Mens-mens wat met alle generasies goeie verhoudings kan bou en handhaaf.
- Goeie interpersoonlike vaardighede toon en gemaklik in spanverband funksioneer.
- ’n Hart vir die aktiewe bediening op die platteland met die doel om ’n verskil te maak in ons wyer gemeenskap, gemaklik met huisbesoek en persoonlike kontak met lidmate in verskillende lewensstadiums.
- Iemand met kreatiewe en innoverende denke.
- In staat om deur volwasse leierskap, gemeenteleiers op te rig en te versterk en die gemeente daardeur verder op te bou.

Verantwoordelikhede:

- Nakoming van alle ampspligte, soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde as riglyn, in samewerking met die ander predikante binne die bedieningsraamwerk van die gemeenskap en die ring.

Vergoeding en voordele:
Sinodale aanbeveling vir salaris en byvoordele sal as riglyn gebruik word met in agneming van die unieke omstandigheede van die gemeente. ’n Ruim pastorie met ‘n woonstel is beskikbaar.

Voornemende kandidate:

- Belangstellende leraars, proponente en finale jaar studente van die NG Kerk word uitgenooi om ’n volledige CV met persoonlike besonderhede, asook die name en kontakbesonderhede van drie referente te stuur aan: Die Pre-advieskommissie (ngkerk.koedoesrand@gmail.com)
- Sluitingsdatum: **31 Oktober 2019**
- Diensaanvaarding: So gou as moontlik. Omstandighede van die suksesvolle aansoeker word in gedagte gehou.

Navrae:
Voorsitter Pre-advieskommissie: Jan Loots (082 871 8465) Konsulent: Ds Hannes Peens (ngmarken@gmail.com) Die kerkraad hou hom die reg voor om, sonder opgaaf van redes, geen aanstelling te maak uit die aansoeke ontvang nie.

Terug

PUK150 Fees
Uitnodiging aan Oudstudente van die P U vir C H O

Aandag: Predikante

Geagte Ds/Dr,

Die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika herdenk vanjaar ons 150ste bestaansjaar in nedereige dankbaarheid teenoor ons troue Verbondsgod.

Met die oprigting van die Teologiese Skool in 1869 is terselfdertyd besluit om “’n Literariese Departement” vir studente in ander studierigtings as Teologie op te rig. Hierdie besluit was die begin van die latere Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Die Teologiese Skool Potchefstroom herdenk die 150 jarige bestaan op gepaste wyse met verskeie feesgeleenthede. Onder andere het ’n fietstoer deur teologiese student van Burgersdorp na Potchefstroom gedurende Maart plaasgevind. Later vanjaar vind ’n feeskongres, galadinee, musiekuitvoerings, ens. plaas.

Die Bestuur van die Noord-Wes Universiteit (wat onder andere uit die P U vir C H O gegroei het), het egter ten spyte van verskeie versoeke, besluit om nie op enige wyse betrokke te raak nie.

Daarom het 'n aantal oudstudente van die P U vir C H O besluit om as alumni 'n eie feesgeleentheid te reël om die seënryke geskiedenis van die afgelope 150 jaar te herdenk. Die fees word gereël vir 30 November in Potchefstroom. Ons is bewus daarvan dat daar in baie lidmate van ons Afrikaanse kerke is wat ook oudstudente van die P U vir C H O is.

Hiermee versoek ons u vriendelik om die PUK150 Fees van ***30 November*** aan hierdie lidmate in u gemeente bekend te stel met die uitnodiging om dit in groot getalle by te woon.

Volledige inligting is beskikbaar op ons webadres (https://puk150.co.za). Daar is ook 'n skakel op die webadres waar oudstudente aanlyn hulle kaartjies kan koop om die fees by te woon .

Baie dankie vir u vriendelike aandag aan ons versoek.

Hartlike groete en seen toegebid op u werk.

Prof Callie Coetzee (callie.coetzee@nwu.ac.za / 082 337 7951)
Voorsitter, reëlingskomitee, Puk150 Fees.

Terug

Excelsus
Betrayal of Gods's Proper Interpreters

Professor Danie Veldsman, Head of the Department of Dogmatics and Christian Ethics, has the great pleasure of inviting you to a public lecture by

Prof Ábráham Kovács

on the topic:

Betrayal or God's Proper Interpreters?

KARL BARTH AND REINHOLD NIEBUHR'S DEBATE ON THE INTERFERENCE OF WESTERN WORLD WITH THE HUNGARIAN CHURCH ISSUES DURING COMMUNISM

Venue	Centenary Hall, Theology Building 2-10
Location	University of Pretoria, Hatfield Campus
Date	09 October 2019 from 11h30
Inquiries	Rene.Caesar@up.ac.za
	012 420 2789

Ábrahám Kovács is an esteemed Hungarian Systematic Theologian specialising in historical theology, Christology, eschatology, public theology and intercultural theology as well as inter-religious dialogue. Currently he holds teaching and research positions in Hungary, Romania and Slovakia.

Make Today Matter

Terug

Pastorale Beradingskursus - Potchefstroom
Saterdag 16 November 2019

Die wetenskaplike studie met betrekking tot die tema van vergifnis het maar eers gedurende die sewentiger jare begin momentum verkry – dit is dus ‘n relatief nuwe konsep binne die helpende professies. Terwyl die meerderheid van studies gefokus was op vergifnis as sodanig, was daar oor ‘n lang tydperk bykans geen bydraes met betrekking tot *selfvergifnis* nie – dit is selfs by geleentheid al beskryf as die ‘stiefkind’ binne vergifnis navorsing.

Teen hierdie agtergrond fokus ons in hierdie kursus onder andere op die drie belangrike modelle van onderskeidelik Robert Enright, Everett Worthington en David Stoop. Aspekte waarop die klem veral sal val is die volgende:

- Belangrike definiërings
- Hindernisse, blokkasies en probleem areas
- Faktore wat die proses van selfvergifnis bevorder
- Sommige belangrike modelle
- Die helingsproses
- Praktiese en pastorale riglyne
- Lewensveranderende lesse en goddelike deurbrake

Plek: Studente Hervormde Kerk – Silwer str 19, Potch (net langs klein kragstasie)

Datum: Saterdag 16 Nov 2019 – sluit in verversings en sleutelnotas

Tyd: 08.00 – 13.00

Akkreditering: VBO – CPSC - PCDAFM

GPS koördinate: Suid: 26.41.590 - Oos: 27.5.079

Koste: R350 pp (egpare: R600)

Handleiding te koop - opsioneel: R180 (posgeld: R99 ekstra - PostNet)

Om te bespreek: U moet vooraf die nodige fooie inbetaal by:

Capitec spaar rek: 1487438425 - takkode: 470010

Rek naam: Prof WC Coetzer (bevestig dan asb daarna per e-pos)

Navrae: 0836600409 of 0825778810 of e-pos: wentzelc@gmail.com

Terug